

**26 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:1-12**

**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3**

**Dankbaarheid vir die tekens van genade**

Waarvoor sê ons gewoonlik dankie? Meestal vir die dinge wat vir ons van waarde is. Paulus spreek sy dank uit vir die tekens van genade in die gemeente van Tessalonisense. In verse 11-12 bid Paulus vir die gemeente. Voor hy egter by die voorbidding uitkom, spreek hy eers sy dank uit vir 'n paar dinge in die gemeente.

- Eerstens is hy dankbaar vir die groei in hulle geloof. Hulle was getrou aan God en sy Woord. Is daar by ons getrouheid aan God en sy Woord? Want dan sal ons geestelik volwasse word in die hantering van sake.
- Tweedens is hy dankbaar dat hulle in hulle liefde vir mekaar toeneem. Die groei in liefde vir mekaar was 'n teken dat hulle dissipels van Christus was (Joh 13:34-35). Groei in liefde vir mekaar is 'n teken van God se genade.
- Derdens is Paulus dankbaar omdat hulle onder lyding volhard. Omdat hulle op God vertrou en leef vanuit die Woord van God, is daar volharding in die stryd van die lewe. Hulle geloof en liefde stel hulle in staat om te volhard.

Dank God vir sy genade. Maar laat die tekens van die uitwerking van hierdie genade ook duidelik in ons lewens sigbaar word. In Efesiërs 2:3-11 noem Paulus al die genadevoorregte wat ons in Christus gekry het. Kom ons dank God daarvoor.

*Sing: Psalm 118:1*

*Ds TC de Klerk (Okahandja)*